Op Saterdag 30 Maart hou ons gemeente heerlik basaar!

Die Kleinmond-deel van die gemeente reël dit en almal – van Rooiels tot Arabella – gaan feestelik kuier.

Teken solank die datum aan.

EERSTE BASAAR-KUIER

Reeds op Vrydag 8 Februarie gaan ons lekker kuier rondom die kosse van die wêreld. Ons gaan ervaar hoe internasionale smulpape eet! Wyk Ba1 gaan dit aanbied. Meer inligting volgende week.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

6 Januarie 2019

Welkom by die Erediens

08:15	**Kerkgebou**	-	**Ds. Hendrik Saayman**
09:00	**Hangklip**	-	**Ds. Steven Sass**
09:30	**Kerkgebou**	-	**Ds. Hendrik Saayman**

Deurkollekte: Plaaslike Gesinsbediening

Eredienste Sondag 13 Januarie 2019

08:30	**Kerksaal**
09:00	**Hangklip-Sentrum in Bettysbaai**
09:30	**Kerkgebou**

Deurkollekte:
Plaaslike Onderwysfonds

KATEGESE HEROPEN 14 JANUARIE

Volgende Sondag, net na die familiediens in die kerksaal, heropen die kategese, Ouers word gevra om asseblief hulle kinders te bring om deel te wees van die kategese-program.

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het omdat hulle siek of eensaam is.

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar:

Muriël Badenhorst (PM4), Hettie Rossouw (PM3), William van Eeden (Sa3)

DIE WEEK SE PROGRAM

Woensdag	Die skole heropen
Donderdag	Fynbos heropen

KERKKANTOOR-URE

Lidmate word daaraan herinner dat die kerkkantoor van Maandag tot Donderdag eers om 10:00 oopmaak.
Vrydae is die kantoor gesluit.

GEBEDFOKUS

Ons harte gaan uit na ons lidmate en die ander persone in die gemeenskap wat deur die brand in Hangklip geraak is.
Ons bid ook vir die onderwysers en leerders wat hierdie week die nuwe skooljaar aanvat.
Ons bid ook vir almal wat nog gaan terugkeer huis toe vir 'n veilige reis.

BAIE DANKIE

Ons gemeente ondersteun 'n teologiese student by die Hefsiba Teologiese Skool in Mosambiek. Tans is die student Alberto Lissitoni. Hy het 'n dankie-brief aan die gemeente geskryf na die jaareindbonus wat hy en sy vrou Stella van Kleinmond ontvang het. Die brief is deur ds. Nobre vertaal.
Die briefie wat volg het dr. Kobus Odendaal van die sinodale Getuienis-kantoor saamgebring nadat hy die jaareindbonus gaan oorhandig het.

To the congregation of Kleinmond

Dear pastor

I greet you in the wonderful name of our Lord Jesus Christ; I am writing to you to say that me and my family are deeply thankful for the gift of R2 200 that you, the brothers and sisters of the congregation sent me through Dr Odendaal; my family warmly welcomes the gift, especially at this Christmas season. May the Lord God bless you abundantly, so that you continue to be instruments of God for His glory.

Please extend our thanks to all the commissions of the congregation as well.

Next year I will be in my final year (third year); I please ask you brothers and sisters to remember me in your prayers. I will always pray for you.

Stay blessed.

José Alberto Lissitoni



To the congregation of Clainmond,

Dear pastor,

I greet you in the wonderful name of our Lord Jesu
and my family are deeply thankful for the gift of R2
congregation sent me through Dr Odendaal; my fa
this Christmas season. May the Lord God bless you
instruments of God for His glory.

Please extend our thanks to all the commissions c

Next year I will be in my final year (third year); I p
remember me in your prayers. I will always pray

Stay blessed.

José Alberto Lissitoni.

n Kersfeesboodskap – Tinus van Zyl (Desember 2018)

Mag ons hierdie Kersfees minder koop en meer weggee.

Mag ons hierdie Kersfees minder na skerms kyk en meer na mense.

Mag ons hierdie Kersfees minder praat en meer luister.

Mag ons hierdie Kersfees minder skinder en meer waardering uitspreek.

Mag ons hierdie Kersfees minder slegsê en meer bid vir ons land.

Mag ons hierdie Kersfees minder motors verbyjaag en meer stoppe langs die pad maak.

Mag ons hierdie Kersfees minder dinge najaag en meer wag op God.

Mag ons hierdie Kersfees minder met ons familie baklei en meer oomblikke van saamwees koester.

Mag ons hierdie Kersfees minder veroordeel en meer voordeel van die twyfel gee.

Mag ons hierdie Kersfees minder eet en meer gaste oornooi.

Mag ons hierdie Kersfees minder bedien word en meer dien.

Mag ons hierdie Kersfees minder drink en meer van die lewe proe.

Mag ons hierdie Kersfees minder soek en meer ontvang.

Mag ons hierdie Kersfees minder vra en meer dankie sê.

Mag ons hierdie Kersfees minder uitsluit en meer innooi.

Mag ons hierdie Kersfees minders voornemens vir onsself maak en meer verbintenisse aan ander.

Mag ons hierdie Kersfees minder beplan en meer droom.

Mag ons hierdie Kersfees minder vermaak word en meer rus.

Mag ons hierdie Kersfees minder verlang en meer onthou.

Mag ons hierdie Kersfees minder eensaam en meer geliefd wees.

Mag ons hierdie Kersfees minder seker wees en meer glo.

Mag ons hierdie Kersfees minder wens en meer hoop.

Mag ons hierdie Kersfees minder geluk soek en meer liefde de

Ek vertrou dat ons NGKerk die saak met die nodige meegevoel sal hanteer.

Marianna Jordaan

Dagbestuur
As gevolg van my betrokkenheid by twee begrafnisse die afgelope tyd, wil ek graag 'n klip in die bos gooi.

Ek verneem dat die leraars geen ekstra betaling ontvang vir begrafnisdienste van lidmate nie. My vraag is : waarom kan dieselfde nie geld in die geval van die koster nie?

Baie lidmate vermy die gebruik van die begrafnisondernemers by die dienste om koste te bespaar. Om in 'n mens se tyd van hartseer nog bekommerd hoef te wees oor geld wat of by die kerkkantoor inbetaal moet word of met koevertjies met geld vir elke betrokkene amptenaar die dag van die begrafnis te staan, is vir my sonder meegevoel. In baie gevalle is die naasbestaandes wat met al die reelings sit , nie lidmate van die gemeente en is hul nie bekend met die persone wat betaal moet word of hul het nie tyd om by die kerkkantoor uit te kom nie.

OUTWITTED

Hulle trek ’n sirkel om my uit te sluit...
Hang etikette om my nek, noem my name.
Maar Liefde en ek het hul uitoorlê:
Ons het ’n sirkel getrek wat hulle ingesluit het!
Edwin Markham

Stuur aan DVB Waarvoor wanneer hoe beskikbaar sal in Kerkklok verduidelik (Maatskaplike werker

A prayer for our earth – ‘n Gebed vir ons aarde

Almagtige God
U teenwoordigheid vul die ganse heelal
en tot selfs die kleinste van u skepsels.
U omvou alles wat bestaan met u teerheid.Maatskaplike werker)

Oorspoel ons met die krag van u liefde,
sodat ons lewe en skoonheid mag beskerm.

Vul ons met vrede, sodat ons as broers en susters kan saamleef –
en niemand skade berokken nie.
O God van die armes,
help ons om die verlorenes en vergete siele van die aarde – hulle wat so kosbaar in u oë is – te red.

Bring herstel in ons lewens,
sodat ons die aarde mag beskerm en nie beroof nie,
dat ons skoonheid mag saai,
nie besoedeling en vernietiging nie.
Raak aan die harte
van hulle wat slegs op eie gewin ingestel is
ten koste van die armes en die aarde.

Leer ons om die waarde van elke skepsel te ag,
om met verwondering en nadenke gevul te word,
om te besef dat ons, onderweg na u oneindige lig,
in ‘n intrinsieke verbondenheid
met elke skepsel leef.

Ons dank U vir u teenwoordigheid in elke dag.
Ons gebed is: bemoedig en versterk ons
in ons strewe na geregtigheid, liefde en vrede.

– Vertaal na aanleiding van ‘n anonieme gebed.

BOUFONDS

Indien u ‘n vrywillige bydrae tot die boufonds vir die uitbreiding van die kerkkompleks wil maak:

Deponeer by ABSA / doen ‘n internet-betaling / betaal in by kerkkantoor / plaas in koevert en plaas in kollektesakkie:

Merk: “**BOUFONDS**”

Bank:	ABSA
Rekeningnommer:	**3220 150 320** (Tjekrekening)
Taknaam:	**Kleinmond** (Kode: 632 005)
Rekeningnaam:	**NG Gemeente Kleinmond**

Trix

Lied 553	Ek is bly ek ken vir Jesus
Lied 168	Heilige Jesus
AGL060E	Give me oil in my lamp
AGL053E	Shout to the Lord
AGL078A	Soos ‘n wildsbok
??	Peace like a river
??	Weet jy nie, Weet jy nie jy’s ‘n temple

26 Augustus

Derde Gelui

Jagfoto’s

Opnames van erediens in die

NG Kerk

Sondag 16 Desember 2018

08:15	Kerkgebou	Ds. Lambert Jacobs
08:30	Grasdiens by strandmeer	Ds. Jan Momsen
09:00	Sentrum in Bettysbaai	Dr. Chris Malan
10:00	Kerkgebou	Ds. Lambert Jacobs

Become friends with people who aren't your age.
Hang out with people whose first language isn't the same as yours.
Get to know someone who doesn't come from your social class.
This is how you see the world.
This is how you grow.

Unknown

OM OOR TE DINK...